Posbus/P.O.Box 10552, Strubenvale, 1570
17 Singelhurstweg/Road, Casseldale, Springs, 1559
**Tel:** +27 11 815 3000 | **Faks/Fax:** +27 11 362-5233
**E-pos/E-Mail:** admin@lefra.co.za | **Web:** www.revues.co.za

**8 JUNIE 2024**

Geagte Revue Organiseerder

**REVUE 2024**

Baie dankie vir u navraag oor REVUE 2024 – Lefra Produksies se nasionale revuekompetisie wat by Carnival City aangebied gaan word vanaf 12 tot 22 Augustus 2024 gaan plaasvind in die Mardi Grasteater by Carnival City. Die finale rondtes sal op Woensdag, 28 Augustus 2024 in die Big Top Arena plaasvind plaasvind.

Ons het ons eerste REVUE-kompetisies in 2016 aangebied, wat 'n baie groot sukses was en ook op televisie uitgesaai is. Uitstekende reaksie van regoor die land is ontvang oor die opwindende REVUE-kompetisie. Ons kan nou opwindende nuus met u deel! Revue 2024 gaan vanaf Oktober 2024 op VIA uitgesaai word!

Skole spandeer elke jaar baie groot begrotings aan hul revues, want dit is gewoonlik die groot bemarkingsprojek vir die skool. Daar word vir maande repeteer, geskaaf, kostuums word gemaak, sang opgeneem en choreografie gedoen. Met groot opwinding word die revue vir 'n week of wat opgevoer. Na al hierdie energie en harde werk, is die revue na 'n week verby. Almal betrokke, se harte is dan seer, want soos met enige verhoogproduksie, word ons mos familie. Dit is glad nie lekker as "familie" uit mekaar moet gaan nie.

Juis daarom het ons hier by Lefra Produksies besluit om 'n verdere lewe aan skole se revues te gee met REVUE 2024. Hierdie is 'n nasionale revuekompetisie wat by Carnival City se Mardi Gras-teater en Big Top Arena aangebied gaan word. Die spesifieke datums is as volg – en onthou u skool gaan net op een aand optree. Indien u skool sou deurdring na die semi-finale en finale, beteken dit natuurlik nog optredes. Die datums is as volg:

| **UITDUNNE - LAERSKOLE** | |
|---|---|
| Maandag, 12 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Dinsdag, 13 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Woensdag, 14 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Donderdag, 15 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| *Agt laerskole word gekies om deur te dring na die semi-finale rondte.* | |

| **UITDUNNE – HOëRSKOLE** | |
|---|---|
| Maandag, 19 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Dinsdag, 20 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| Woensdag, 21 Augustus 2024 | • Uitdunne |
| *Agt hoërskole word gekies om deur te dring na die semi-finale rondte.* | |

| **SEMI-FINALE** | |
|---|---|
| Vrydag, 16 Augustus 2024 | • 8 Laerskole in die semi-finale<br>• 4 Laerskole word gekies om deur te gaan na die finale rondte |
| Donderdag, 22 Augustus 2024 | • 8 Hoërskole in die semi-finale<br>• 4 Hoërskole word gekies om deur te gaan na die finale rondte |

| **FINAAL** | |
|---|---|
| Woensdag, 28 Augustus 2024 | • 4 Laerskole ding mee om eerste, tweede en derde plek |

| | |
|---|---|
| | • 4 Hoërskole ding mee om eerste, tweede en derde plek<br>• Een algehele wenner word ook aangewys |

Lefra Produksies nooi alle laerskole en hoërskole uit om nou in te skryf vir REVUE 2024. Die kompetisie gaan op 'n uitdunbasis aangebied word. Ons aanbieders en beoordelaars gaan van hoogstaande gehalte wees en gaan ook diep spore in die bedryf getrap het. Hierdie name word eersdaags bekend gemaak.

Behalwe dat die kompetisie as "Nasionale" kompetisie aangebied gaan word en u deelnemers dus ook "Nasionale" erkenning sal verkry, is daar lekker pryse op die spel. Ons glo egter dat die ervaring om met die beste revues in die land skouer te skuur, nuwe vriende te maak, van mekaar te leer en om op die lekker Carnival City verhoog op te tree, die lekkerte van hierdie Revuekompetisie sal wees. En u skool se revue kry 'n kans om op televisie te verskyn. Uitstekende bemarking! Ons beplan ook 'n moontlike werkswinkel vir revue-organiseerders en regisseurs. Moedig asseblief ook u ouers, oupas en oumas en leerders aan om die revue by te woon en te ondersteun.

Ons sluit vir u die volgende dokumente in wat al u vrae behoort te beantwoord:

- Reëls en Regulasies – spandeer asseblief genoeg tyd om hierdie dokument van hoek tot kant te bestudeer aangesien hierdie dokument die basis van ons kompetisie vorm;
- Inskrywingsvorm – voltooi asseblief so gou as moontlik en stuur vir ons terug.
- Beoordelaarsvorm – hierdie een is belangrik om vir u 'n definitiewe aanduiding te gee waarna die beoordelaars gaan kyk en op watter aspekte hulle gaan beoordeel.
- Kontrolevorm – hierdie is maklike aftiek vormpie soos wat u die inskrywing hanteer – net om seker te maak alles is gedoen!

Baie belangrik! Die sluitingsdatum is Vrydag, 19 Julie 2024 om 16:00. So voltooi u inskrywingsvorm onmiddellik en stuur vir ons aan.

Omdat ons REVUE vir Televisie verfilm, moet revues so realisties as moontlik aangebied word. Gebruik asseblief regte mikrofone wanneer u soliste sing. Nie selfgemaakte mikrofone of speelgoedmikrofone nie. Ons sal ook 'n aantal "regte" mikrofone by die Teaters beskikbaar hê. Dit is egter belangrik dat u soliste met u eie mikrofone oefen. Maak ook die deelnemers daarop attent, dat alhoewel hulle "mime" moet hulle steeds in die mikrofoon in sing. So na as moontlik by die mond. Spandeer asseblief tyd daaraan om die deelnemers goed af te rig. Dit moet lyk of hy/sy werlik "live" sing.

Indien daar enige vrae oor REVUE 2024 is, kan u gerus vir Monica Booysen skakel by (011) 815-3000 of epos gerus aan admin@lefra.com en ons beantwoord onmiddellik u vrae. Gaan loer ook gereeld by ons webtuiste www.revues.co.za vir nuwe inligting oor REVUE 2024. Daar is ook 'n Facebook-blad wat u en u ondersteuners asseblief moet gaan "LIKE": https://www.facebook.com/RevueSA

Kaartjies vir ouers sal vroegtydig aangebied word vir skole en word op 'n *first come, first serve*-basis. Vir televisie is dit belangrik dat u, u ouers aanmoedig om by te woon. U is ook welkom om plakkate, gelukbringers (*mascots*, ens.) saam te bring. Dit maak altyd goeie televisie!

Ons hoop ons kan u REVUE verwelkom by vanjaar se Nasionale Revuekompetisie by Carnival City.

Met vriendelike groete



**FRANS SWART APR**

**BESTURENDE DIREKTEUR**